

Vrydag 11 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 49 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 49:16

Losgekoop!

Die digter ontknoop 'n raaisel. Een van daardie misteries wat geen mens sonder God se wysheid kan verstaan nie. Wat is hierdie raaisel? Dat hy geen onheil vrees as die ongeregtigheid van onderkruipers hom omring nie. Onheil is vir hom nie ver nie, maar op sy hakke. Dit omring hom en tog is hy sonder vrees.

Vrees is vir gelowiges nie onbekend nie. Wie sien hoe boosheid en geestelike duisternis toeneem, morele en kulturele verval, verset teen God wat die mensdom vier, en jy kyk dan na jouself en jou kinders, voel hoe vrees in jou woel. Hoe kry die digter dit reg om nie te vrees nie?

Hy ontknoop hierdie raaisel (vs 7-15) deur verkeerde redes vir vreesloosheid aan te dui. Valse vertrouwe steun op eie vermoë. Mense soek sekuriteit in 'n bankbalans en aftreebeplanning. Hulle oogmerk is om 'n dinastie te vestig en hulle naam te verewig. Die probleem met sulke vertrouwe is die dood wat 'n streep deur alles trek. Dood is die mens se herder en die ontnugtering is dat jy met al die rykdom in die wêreld niemand van hierdie lot kan loskoop nie. Eie vermoë verdryf nie vrees nie, want niemand ontkom die dood nie.

Wat dan? *“Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem!”*

Waaroor gaan dit? Verlossing in Christus. Die digter vrees nie, want hy is onderrig deur God se genade. Hy weet die einde van alle valse vertrouwe is die dood, maar God se genade is lewe. Verlossing is menslik onbetaalbaar, maar God se Seun betaal en neem my hierna op by Hom.

Waar is jou hoop? Net in Christus bly ons vreesloos in alle onheil.

Sing: Psalm 37-1:1, 2, 3

Ds. BC Smit (Ben) (Pretoria-Meintjeskop)